# *VEROOTMOEDIG JOUSELF*

[Broer Neville stel Broer Branham voor—Red.] Hierdie is 'n skok. Nou reken ek ek kan dan 'n aankondiging maak: "Daar is sekere gawes: van my wat so-iets uitdink." [Broer Branham en gemeente lag.]

2 Ek geniet dit verseker om elke keer hier te wees. Ons reis nader nou die einde, om by julle te bly. Want, ons het nog 'n diens wat binnekort opkom in Chicago, en ek moet die—die familie terug hê in Arizona binnekort. En hulle het nog nooit hulle somervakansie gehad nie, en ek is veronderstel om hulle vir 'n uitstappie te neem, binne 'n paar dae. En dan sal ek waarskynlik weg wees vir een, een dag, een van die Sondae, en dan begin ek die volgende week in Chicago. Dan moet ek net reguit terugkom, op 'n Maandag, en hulle na Arizona neem.

3 En nou haat ek dit net om in te kom op 'n Sondagoggend, daardie tyd te neem wanneer almal verfris is. Sondagaand, is jy altyd moeg en gedaan, op Sondagaand; en gee dan die Sondagaanddiens oor aan ons pastoor, dis—dis soort van sleg. Maar ek haat dit om dit te doen, en tog, op Sondagaand sou ek, Sondagaand, om die diens te hou Sondagaand, dan hou ek die mense so laat. Baie van hulle kom hier in van ver onder in die suide, en—en ver noord, en hulle het, o, partykeer ry hulle dag en nag, net om hier te kom vir een diens, dan terug te gaan. En dis waarom ek probeer om dit te maak op Sondagoggend, wanneer ek kom, gee hulle 'n kans om terug te gaan.

4 Lojale, getroue pelgrims, hoe ek hulle waardeer! Hulle ry deur ysreën, reën, en enigiets anders, om hier te kom, oor die land, honderde myle, net vir een klein diensie. So dit maak my dankbaar teenoor God, en teenoor hierdie mense, vir hulle groot—vir hulle groot ondersteuning, en wat ek probeer vertel, aan die mense, om die Waarheid te wees.

5 Nou, ek glo hierdie is die Waarheid, ek . . . met my hele hart. As daar enigiets anders was, wat ek gedink het beter was, sou ek—ek beslis eers gaan . . . Ek sal nie enigiemand vra om êrens heen te gaan, waar ek nie eerste heengaan, om uit te vind of dit reg of verkeerd is nie. Ek sal nie enigiemand vra om—om 'n stap te neem, in God, wat ek nie alreeds gemaak het, en weet dat dit die Waarheid is nie. Eerstens, moet dit die Woord van die Here wees, dan moet ek die stap neem en kyk of dit reg is. En dan as dit reg is, dan kan ek sê: "Kom op *hierheen*." Sien, dit baan die weg.

6 En, nou, ek dink enige prediker behoort dit te doen, behoort eerste te gaan, self. Hy is veronderstel om 'n leier te wees, 'n leier

van mense, nie iets te sê wat hy nie sy eie hand, self, op sou plaas nie. Ons behoort soontoe te gaan, leiers van die mense.

7 Vanmôre, het ek ’n baie snaakse, vreemde ondervinding hier in die preekstoel gehad. En dit was, omtrent die laaste deel van die Boodskap, ek was nie van plan om dit so te sê nie. Sien? Maar ek reken dis alreeds gesê, en daar is niks wat ek nou daaraan kan doen nie. Maar toe het ek by die huis gekom, en begin studeer daaroor.

8 En het ’n klein familie-reünie gehad vandag, van net my broer en hulle. Mamma is weg. En ons het altyd ontmoet by haar huis, en nou gaan ons op na Delores s’n. Ons het ’n lekker tyd gehad daarbo vanmiddag, aan die praat, en Teddy was daar. Ons het ’n paar liedere gesing, ’n paar gesange en goed gespeel.

9 Nou ek dink, miskien volgende Sondagoggend, as die Here wil, as Broer Neville nie omgee nie, sou ek nou graag ’n genesingsdiens wou hê, slegs net aan genesing toegewy. En ek—en ek dink, met die Boodskap vanmôre, die manier waarop die Here my blykbaar gelei het om Dit te bring, Dit uit te bring, behoort ons soort van ’n bietjie te bemoedig, julle sien, om—om—om werklik te glo. Ons—ons speel rond, en ons—ons dink verskillende dinge en praat daaroor. Maar dan, wanneer dit kom by ’n konfrontasie, is dit iets anders. Soos die . . .

10 Iemand het my vertel, ek reken dit was my broer daaragter, het ’n—’n klein storietjie vandag vertel, van ’n man, ’n—’n prediker en sy . . . party van, een van sy gemeentes. En hy het gesê hy kon oor ’n stomp loop.

Hy het gesê: “Pastoor, sekerlik, die Here is met jou.”

Hy het gesê: “Ek kan ’n stomp op my rug dra, wanneer ek oorgaan.”

“Sekerlik, die Here is met jou.” En hy’t gegaan en dit gedoen.

11 Hy het gesê: “Ek kan ’n stomp dra, en ’n kruiwa oorstoot, terselfdertyd.”

12 “Sekerlik, pastoor, die Here is met jou. Jou geloof kan enigiets doen.”

13 Hy het gesê: “Ek kan jou in die kruiwa laai, en die stomp dra.”

Hy het gesê: “Nou wag ’n oomblik!” Sien?

14 Dis anders as jy self daarby ingesluit is. Sien? Nou, dit, dis baie goed vir ons om hier te sê: “Amen.” Dis baie goed vir ons om te sê: “Ek glo dis waar.” Maar laat dit dan werk. Jy moet dit laat werk.

15 Soos ek daardie stelling gebring het vanmôre, die mense het gelê in Petrus se skaduwee, hulle het nooit eens gevra vir gebed nie.

16 Ek het in baie huise ingegaan, en dit dopgehou. Gebid voor ek gaan, en net daar ingegaan met die salwing, en nie eens gebid vir die mense nie, en uitgeloop, en hulle is genees. Sien? Sien? Dis reg. Ek het dit soveel keer sien gebeur! Sien? Jy moet iewers hê om jou geloof te plaas. Sien? Jy moet dit glo. En ek glo dat die uur naderkom, en nou is.

17 En ek besef dat hierdie nie 'n banddiens is nie. Hulle mag 'n kleintjie vir hulleself maak, maar hierdie is nie 'n band wat uitgaan oor die land nie. Die . . .

18 Hierdie waarvan ek vanmôre gepraat het, het ons reg opgebring na 'n—na 'n klimaks, en dit is waarom ek volgende Sondag gaan neem vir 'n—'n—'n genesingsdiens. Want, vandat ek tuis gekom het, het ek julle vertel van die gesigte, en wat gebeur het, en alles, en dit reg opgebring, hoekom ek al hierdie dinge gedoen het. En toe vanmôre, dit reguit opgebring na daardie laaste Trek.

19 Nou, dis my tyd vir toewyding aan God; God se tyd om met my te praat. Sien, ek—ek—ek moet net 'n klein veranderinkie hê in my eie lewe. Nie dat ek dink ek is boos nie, maar ek—ek wil 'n bietjie nader voel aan mense. Sien?

20 Die mense aan wie ek hierdie Evangelie Waarheid probeer vertel het, en hulle draai hulle rug Daarop, en loop weg en lag Daarvoor. Nou, vir my, lyk dit asof dit 'n belediging is. Ek gee nie om, vir my nie; maar vir die dinge wat ek gesê het, Dis die Waarheid wat hulle probeer help. Soos om 'n boot uit te stoot, en te sê: "Hier, hier is dit, gaan oor! Hier, kom uit daardie stygende stroom uit, jy gaan sterf! Jy, jy gaan daar omkom!" En hulle lag net daarvoor, en loop weg. Wel, vir my, lyk dit asof, as hulle wegloop, daar niks meer is wat ek daaromtrent kan doen, sien, wat ek kan doen nie.

21 Maar ek wil nou terughardloop na die oewer, en hulle oorreed: "Kom terug!" Sien, ek moet daardie gevoel hê, sien, want ek weet daar is iemand daarbuite wat nog nie ingekom het nie. En ek—ek gaan visvang, totdat . . . Hy het gesê, totdat die laaste vis gevang is. Ek wil dit doen.

22 Nou, en nou, om dit te doen, verwag ek iets om te gebeur in 'n gebedsdiens. Iets . . . En baie van julle onthou die gesig van die—van die laaste Trek, daardie Derde Trek, liewer. Julle onthou, daar het iets gebeur net voor dit: Ek het daardie Lig sien kom en afgaan in daardie plek in, en het gesê: "Ek sal jou daar ontmoet." Nou soek ek na iets om te gebeur.

23 Hier jare gelede, was dit altyd dat die dienste en daardie onderskeiding my so swak sou maak, ek sou steier. Baie van julle onthou dit. Net by 'n punt gekom wat ek sou staan en ek sou Jack Moore op die een arm hê, en Broer Brown op die ander een, en my op-en-af in die straat laat loop, vir 'n uur na die diens. En ek het net, gebeur, het probeer dink aan waar—waar ek was en

wat gebeur het. Dan, heelnag daar gelê en dink daaraan, en huil, en enigiets anders, en gewonder hoekom hulle nie ons Here Jesus aanvaar het nie.

24 Toe het Hy vir my gesê in 'n gesig: "Eenkeer gaan jy 'n dame ontmoet, wat na jou toe sal kom, met 'n bruin pakkie aan, en sy sal 'n babatjie dra in 'n kombers, en van daardie tyd af, sal jy krag hê om sterker uit te hou." Wel, ek het julle dit alles vertel. Dit het in Chicago gebeur, daardie aand toe die Presbiteriaanse dametjie, toe haar eie pastoor haar soontoe gestuur het met die babatjie.

25 En ek dink dit was sy broer, of een van hulle, was 'n—'n dokter. Hy het gesê: "Daar is nie 'n hoop vir die babatjie, behalwe as Almagtige God hom aanraak nie." Hy het gegaan . . .

26 Sy het gegaan en haar pastoor vertel. Die pastoor het gesê: "Ek is—ek is nie gekwalifiseerd nie," het hy gesê: "om—om op te tree met hierdie Goddelike genesing nie, want ek het nie . . . het dit net nie in my, die geloof wat dit neem om dit te doen nie." Nou, daardie, dis om eerlik te wees daaroor. Sien? Hy het gesê: "Ek het dit net nie in my nie." Hy het gesê: "Maar ek was by een van Broer Branham se dienste, en ek sou jou aanbeveel om die baba na Broer Branham toe te neem." En die dokter het dit opgegee, en dit sou sterf.

27 En die dametjie het daar ingeloop waar ek een of ander soort van 'n—'n diens gehou het vir daardie Katolieke kindertjies wat verbrand is, in daardie skool daarbo, julle weet. Julle onthou toe dit was. Ons het daardie diens gehou, en reguit af met die platvorm, het hierdie dametjie gekom met die bruin pakkie aan. My vrou en hulle het daar gesit, en ek het gesê . . . gedraai en gekyk, en oral rondgekyk, en gekyk of hulle daar gestaan het. En dit het gebeur, dat net voor ek opgekom het, ek dink Billy Paul en hulle het gepraat, of die vrou of party van hulle, met die dame met die babatjie. En die dame het opgeloop na die platvorm, en die Heilige Gees het die hele ding openbaar, en die baba daar genees.

28 Ek het weggeloop, en van toe af word ek net nie meer moeg nie. Sien, dit pla my nie, en ek—ek gaan net reguit aan en aan.

29 Nou soek ek na iets om te gebeur, en daardie Derde Trek te begin in die merk. Sien? En mag die volgende Sondagoggend genesingsdiens wees, miskien sal dit dit voortbring. Ek weet nie.

30 Ek dink, vir ons om te doen, sal wees om julle mense te vertel, die siek mense te kry. Nou, vir 'n genesingsdiens, moet ons toewy aan siek mense. Kry julle siek mense, en kry hulle vroeg hier volgende Sondagoggend, sê omtrent agt of agt-dertig, en ons sal hulle vir hulle 'n gebedskaart laat gee, soos hulle by die deur inkom, hoe hulle dit ook al doen. En dan sal ons 'n gebedsry hê en bid vir die siekes, en net kyk wat die Heilige Gees sal doen.

31 Ek glo Hy sal wonders doen as ons Hom net sal glo, sien. Maar ons moet Hom nou daarvoor glo, met ons hele hart. En ek dink dat die groot uur aangebreek het dat wanneer God, insoverre ons gesê het, vanmôre, ons soveel gewys het, en ons gebring het na 'n sekere. . .net op na 'n punt. Net om oor daardie klein heuweltjie te gaan, en dis al wat ons nodig het, dan daar gaan dit weg. Sien, aan—aangaan, net soos dit was, dieselfde ding, met die onderskeiding, dieselfde ding volgens die profetiese, om dop te hou.

32 Ek het gestaan by Calgary. . .verskoon my, dit was die Koningin Stad, onderin Regina, Regina. En Ern Baxter het daar gestaan, en 'n klomp van ons. En die Here het my vertel, net hier in die platvorm: "Dit sal gebeur, dat jy die einste geheime van hulle hart sal ken." En dis reg. En ek het nooit daaraan gedink op daardie manier nie. Ek het opgeloop na die platvorm daardie aand, saam met Ern, en net begin bid vir die siekes. En hier kom 'n man aan, net sy hele lewe uitgelê; eerste keer wat dit ooit net soos daardie gebeur het, in 'n oomblik, in 'n genesingsdiens. En toe het ek uitgekyk oor die gehoor, en hier het Dit begin oorkom oor die gehoor en dinge. O, wanneer ons die ander kant bereik! Die helfte is nog nooit vertel, van die dinge, om uit te loop en die dinge in mense se lewens te sien nie. Ek sê niks daarvan nie. Laat dit net alleen, sien, behalwe as ek regtig verplig word om iets te sê.

33 En nou soek ek na die volgende om soos daardie te begin. Sien, God, om op Sy Eie manier, Sy Eie soewereine tyd, dit te begin. En dit sal—dit sal nog 'n ding wees wat ver anderkant enige van hierdie ander mense sal wees—wees. Sien? En ek kyk uit vir dit om te gebeur.

34 En miskien, o, ek het gedink, as ek 'n klein genesingsdiensie gehad het, miskien volgende Sondag. Dan die volgende Sondag, sal ek waarskynlik weg wees saam met die kinders en hulle, want hulle moet teruggaan en skool toe gaan. En dan, die volgende Sondag, ek, natuurlik, is ek bo in Chicago, by die diens daarbo. En kom dan terug die volgende Maandag, om te vertrek op Dinsdag na—na Arizona, vir die kinders om terug te kom in die skool.

35 Wel, wat het jy gekry, pastoor? [Broer Neville sê: "Wel, ek het iets baie vreemds ontdek."—Red.] Goed, dis baie mooi, nou wil ons daarvan hoor.

36 So nou die—die Here seën julle almal, baie, baie ryklik. En ek—ek hoop om julle volgende Sondag hier te sien. En Woensdagaand. . .

37 En luister. Moenie hierdie klein kerkies hier vergeet, soos Broer Ruddell, Broer Jackson, Broer Parnell, en al hierdie broertjies wat hard sukkel daarbuite nie, sien. En hulle voel asof ons hulle—hulle—hulle susterkerk is hier, julle sien. Ons is soort

van soos 'n klein moedergroep vir hulle. Dis waar hulle gebore is, hieruit, pastore ensovoorts.

38 En hierdie klein kêrel hieragter, broer, ek het hom nou die aand ontmoet daar oorkant, Allen, klein Broer Allen. Ek hoop Broer Collins hier sal by Broer Allen uitkom, as hy hom nie ken nie. Hulle is albei Metodiste predikers, en het—het Waarheid van Woord gesien.

39 Wat, die—die organisasie van die Metodiste kerk, wat 'n goeie klomp mense in daardie Metodiste kerk is. Moet nooit dink hulle is nie. Hulle is. Hulle is 'n goeie klomp mense in daardie Katolieke kerk. Hulle is 'n goeie klomp in die Presbiteriaanse kerk. En al daardie plekke daar, dis mans en vroue wat wag om daardie Lig oor hulle pad te sien flits. Hou julle net aan om die Lig te flits, in nederigheid, sagtheid. Laat ons almal nader aan God groei, deur onsself te verootmoedig. Sien?

40 Moenie vergeet nie, hierdie tabernakel sal sy krag verloor. Onthou dat hierdie die teiken is waarop Satan elke geweer in die hel daarop gerig het. Hy sal een persoon iets laat doen wat teenstrydig is met wat die ander een dink. Hy doen dit. Hy voer dit uit. Dis sy besigheid, as hy iemand kan kry om iets te sê, iemand om oor 'n ander te praat, sê: "Wel, luister, het jy geweet *So-en-so* het?" Moet jy nie daarna luister nie. Moet jy glad nie daarna luister nie. Dis die duiwel. Sien, dis Satan. Moet jy dit nie glo nie.

41 As daar enigiets is wat enigiemand verkeerd gedoen het, bid vir hulle. En moenie op 'n selfsugtige manier bid, sê: "Ek weet dis my plig, ek moet vir daardie broer bid," nie. Neem jy dit ter harte, reg af, vir daardie suster. En praat jy net en wees baie sag, en die eerste ding waarvan jy weet, vind jy hulle reg terug in die diens weer. Sien? Want, per slot van sake, is ons almal op pad na die sonsondergang.

42 Die Here Jesus sal een van hierdie dae kom. En, julle weet, ek dink dit sal so skielik en so—so sag wees, totdat daar sal wees eenhonderd per-. . . eenhonderdste van eenhonderd persent van die hele wêreld, sal nooit weet wanneer daardie Wegraping plaasvind nie. Dit sal net so stil gaan dat niemand niks daarvan sal weet nie. Sien?

43 En daar sal wees, natuurlik, die klein groepies sal sê: "Wel, nou, *So-en-so*?"

44 "O, hulle daar is 'n fanatiese groep hier oorkant, gesê daar het 'n groep vertrek van daar af, en hulle . . . Dis nie so nie. Hulle is net iewers heen. Ons het daardie fanatisisme gehad, sien."

45 "Wel, hulle sê daardie tabernakeltjie, in 'n plek genaamd Jeffersonville, daar was soveel van hulle lidmate wat vermis word."

46 Sien, hulle sal dit net uitspeel. Hulle sal sê: “O, daar is niks daaraan nie, julle sien,” soos dit, en Dit sal verby wees en hulle sal dit nie weet nie.

47 Oor die volk, sal kom, diegene wat dood is in Christus, sal eerste opstaan. Die Wegraping sal plaasvind, die Kerk sal Huis toe geneem word. En dan sal die Verdrukking begin, en, o, goeiste, ons wil nie hier wees gedurende daardie tyd nie. Ek wil nie hier wees, in die Verdrukking nie. Nee. God verhoed dat enige van ons ooit hier sal wees gedurende daardie tyd. Want: “hy wat vuil is, is steeds vuil; hy wat heilig is, is steeds heilig; hy wat regverdig is, is steeds regverdig.” Daar is geen . . . Die Lam het voortgekom met Sy Boek van Verlossing, en die Bruid is uitgehaal. Hulle wat Dit verwerp het, moet deur ’n Verdrukkingstydperk gaan, beide Jood en Heiden. Wat ’n tyd van Verdrukking! Ek wil dit nie hê nie.

48 “Here, heilig my nou.” Dis goeie Nasaréner doktriene, is dit nie? [Broer Neville sê: “Amen.”—Red.] En dis waar, ook. Dis waar. Dis reg. “Vul my nou met U Heilige Gees, Here. Neem al die wêreld nou uit my uit, Here. Moet—moet ons nie laat hê . . . ”

49 Soos die ou gekleurde broer gesê het: “Meneer, ek het my kaartjie in my hand. Dis alreeds geknip. Wanneer ek daaronder by die rivier kom, daardie môre, wil ek nie enige probleme hê nie.”

50 So, dis omtrent reg, ek—ek wil nie enige probleme hê nie. Hou jou kaartjie in jou hand, want ons gaan oor. Dink net daaraan, die groot tyd van verlossing is op hande.

51 En nou nog ’n ding. Broer, wat’s sy naam, hierbo by Utica? Ek dink Broer Graham, en nog ’n broer wat daar bedien. ’n Broer Shanks of iets soos dit, of Sink? [Broer Neville sê: “Broer Snelling.”—Red.] Broer Snelling is die pastoor, heeltemal. Broer Snelling is die pastoor bo by Utica nou. Ek dink hulle biduur is aan . . . [“Donderdagaand.”] Donderdagaand. Nou, julle weet, dit sou baie goed wees as ons kon opglip soontoe Donderdagaand en ’n bietjie gemeenskap hou met daardie kêrels. Sien? En dan wanneer Broer Jackson, die tye wat hy syne hou, as ons net ’n klein groepie van ons bymekaar sal kry en gaan.

52 Hou net aan bid, hou aan grawe! Ja, moenie stop nie. Net soos toe Elía vir hulle gesê het, gesê: “Grawe slote daarbuite!”

Wanneer julle afgaan, ’n ou blik hoor sê: “Ek’s te moeg”? Gooi dit uit die pad uit en hou aan grawe. Sien? Hou net aan grawe, want ons moet grawe. Ons moet net grawe, dis al. Want, as jy—as jy verwag om die Verdrukking mis te loop, beter jy begin grawe.

53 Nou, vir myself, ek preek vir myself daar. Ek gaan begin dieper grawe as wat ek ooit gegrawe het. Want, ek voel so, in die volk, en om die wêreld, dat hierdie bediening weer sal, soos dit nou bekend is omtrent oral in die wêreld. Ek—ek moet weer gaan.

54 Vrou het vir my gesê. . .Nou die oggend, het ek gesê: "Ek wil hê jy moet saam met my gaan wanneer ek vertrek. Ek gaan vertrek rondom Januarie, as die Here wil. Ek wil 'n volledige wêreldtoer onderneem, die heelpad om; terugkom en miskien dienste in die Verenigde State hou, een of ander tyd volgende somer."

En sy het gesê: "Ek is te oud om te gaan."

55 "Wel," het ek gesê: "ek het gegaan toe ek. . .omtrent my laaste reis oorsee, omtrent agt jaar gelede, en ek voel asof ek in beter kondisie nou is as wat ek agt jaar gelede in was, jy weet. Sien? Ek weet nou meer daarvan."

56 En toe het ons op die onderwerp gekom: "As die Here gesê het: 'Ek gaan jou vyf-en-twintig jaar gee. Jy gaan nie swak word nie. Jy sal in staat wees om te gaan, en Ek gaan jou vyf-en-twintig jaar op aarde gee,' sou jy neem vanaf—vanaf geboorte tot vyf-en-twintig, of vanaf vyf-en-twintig tot vyftig, vyftig tot vyf-en-sewentig, of vyf-en-sewentig tot 'n honderd?"

57 Nou, enige man wat tyd gegee word op die aarde, sou sekerlik 'n baie dwase ding wees as hy nie daardie tyd in die diens van God spandeer nie. Ek gee nie om wat hy doen nie.

58 Nou, as jy 'n hartebreker sou wees vir die vroue, ensovoorts, beter jy daardie jong ouderdom neem, daardie eerste vyf-en-twintig. Sien?

59 As jy 'n skrynwerker gaan wees, 'n werktuigkundige, of iets, beter jy daardie tweede vyf-en-twintig neem. Sien?

60 Toe het ek gedink oor: "Wat van my? Waar sal ek neem?" Ek sou die vyf-en-sewentig tot 'n honderd neem. Ek sou slimmer, wyser wees. Ek sou meer bedaard wees. Ek sou meer weet van wat ek doen. Ek's tien, agt of tien jare ouer as wat ek was die laaste keer toe ek oorsee was. Ek sal nie inspring asof ek slange doodslaan nie. Ek sal meer daarvan weet, sien. Ek weet hoe.

61 Dis net soos 'n wasbeer-hond wat met 'n wasbeer baklei, sien. Jy weet van hoe om hom vas te vat. Moenie daar inspring nie; sal jou krap. Sien, ken sy streke en hou hom dop wat hy doen. En ons leer meer van die vyand. So ons moet al sy tegnieke uitvind, en hoe hy benader, en wat hy doen, en sy houe leer, dan is jy opgelei om in te gaan op hom, sien.

62 "So ek glo nou," het ek vir die vrou gesê: "ek glo ek is in beter kondisie nou as wat ek was toe ek veertig jaar oud was en oorgegaan het." Sien, en ek's vier-en-vyftig. En ek glo, as ek lewe en steeds kan rondgaan soos ek nou kan, wanneer ek 'n honderd is, as ek. . .as Jesus so lank sou vertoef, sou ek in beter kondisie wees dan as wat ek nou in is, om te gaan. Sien? Want, jy weet meer daarvan, jy weet meer van wat om te doen, en hoe om dit te hanteer, en hoe om die situasie te hanteer.

63 Neem nou ’n klomp mense, as daar op hulle geopereeer gaan word. “Hulle sê ’n nuwe dokter wat pas gegradueer het nou die dag, en pas uit die mediese skool gekom het. Hy het nog nooit ’n operasie gehad nie. Laat hom dit doen.”

64 “O, nee,” sou jy sê: “niks daarvan nie. Nie daardie kêrel nie. Nee, meneer. Tog, nee, glad nie. Ek wil nie hê hy moet enige mes op my plaas nie. Wel, ek sal liewer hiernatoe gaan en *So-en-so* kry. Ek het gehoor hy’t ’n klomp operasies gehad. Hy weet hoe om dit te doen.” Dis reg, sien. Dis die idee.

65 Jy dink hiervan, maar wat van daardie siel? Ek wil iemand hê wat weet waar hulle is, en die pad ken; wat dit geloop het. Ja, beslis.

66 Die Here seën julle. Goed, Broer Neville, kom nou op hierheen. En God seën Broer Neville. Moet nou nie vergeet, volgende Sondag nie.

67 [Broer Neville praat van Broer Branham en Broer Vayle vir een minuut, en sê dan: “En ek verwelkom graag die predikers van God, veral wat saamwerk Hiermee, en in Dit saam met ons. Ek hoor graag van hulle.”—Red.] Amen. [“So ek het vir Doktor Lee Vayle gevra, ek het gesê: ‘Sal jy preek as Broer Branham nie preek nie?’ En Broer Branham het nie. Hy mag dit geweet het.”]

Nee, ek het nie. Ek sou nie eens so lank gepraat het nie.

68 [Broer Neville sê: “So ek het vir Broer Vayle gevra, vanaand, of hy vir ons sal preek, in die geval dat Broer Branham nie sal nie. Want hy het saamgewerk met hom in die dienste, en hy weet van die Weg, hierdie Weg. En ons is bly om Broer Vayle te hê. Ek waardeer hom en respekteer hom net soveel soos ek enige van die ander predikers respekteer, en soos ek al die ander respekteer. En so as hy sal kom vanaand en vir ons sal preek, sal ek baie bly wees dat hy dit doen.”—Red.] Amen. [“God seën, en laat ons vir Broer Vayle bid. Party van julle het hom nog nooit gehoor nie, en ek vertrou dat julle vir hom sal bid.”] Ja.

69 Ek moes nie al hierdie tyd geneem het nie. Ek vra die gehoor om verskoning. Ek het nie geweet, aan die sit daar, dat hy. . . hierdie gereël was nie. God seën jou, Broer Vayle.

70 [Broer Lee Vayle sê: “Dit was nie gereël nie. Hy het gesê, as jy ‘nie sou praat nie.’ En jy het gekom.” Broer Branham en gemeente lag—Red.] Goed. Dis goed.

71 Ek hoor hom self. Broer Vayle het baiekeer voor my gepraat, in die dienste, en—ensovoorts. Hy het die dienste bestuur vir ’n lang tyd, en ’n goeie broer, ’n goeie werk gedoen. En ek is seker hierdie gehoor is altyd bly om Broer Vayle te hoor wanneer hy praat. Die Here seën Broer Vayle.

72 [Broer Vayle praat vir sewentig minute oor Markus 16:15—20 en ander Skrifte, met die titel: *Waarom Het Markus 16*

*Nie Gewerk Nie? En Hoe, Volgens Die Skrif, Om Dit Te Laat Werk*—Red.]

73 Soveel is gesê dat ek—ek—ek niks kon sê om daarop te verbeter nie. En ek glo waarlik dit was die Here wat hierdie uitgewerk het vir Broer Vayle om hierdie boodskap te bring, na vanmôre. Want, julle sien, dit moet so werk. Ons—ons aanvaar dit van God af. Wat, daar is soveel dinge wat hy gesê het; ek—ek—ek het twintig preke neergeskryf hier, net nou, van wat hy gesê het.

74 Ek het hier gedink aan een klein illustrasie, om te ondersteun wat hy gesê het. Nou, ons kyk na hierdie horlosie, om uit te vind hoe laat dit is. Sonder dat elke instrument in daardie horlosie koördineer, een saam met die ander, sal ons nooit die korrekte tyd weet nie. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] En dit neem almal van ons, almal saam, as ons die Derde Trek regtig iets vir God wil sien doen, sy koördinasie met elkeen van ons saam, om onsself te verootmoedig voor God en ons verkeerde te bely, en te bid en God te glo vir hierdie dinge.

75 Ek glo waarlik dat wat Broer Vayle gesê het die Waarheid is, dat God nooit Sy Gees in 'n onheilige, onregverdige, ongehoorsame tempel sal sit nie. Nee. Dit moet kom op die—die manier van die reiniging van ons harte van alle kwaad en ongeregtigheid, dat ons rein voor God mag wees, dat Hy Sy suiwer Heilige Gees deur ons mag werk, om hierdie dinge te laat gebeur. Ek—ek dink, dat wanneer julle huis toe gaan vanaand, as julle daardie Boekie van Judas sou lees, sou julle nou baie leer van wat Broer Vayle gesê het. En hy het gesê: "Ek stry kragtig vir die Geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is." Hulle het weggekom Daarvan. Hoe manne van verdraaide verstand, ensovoorts, ingekom het en hulle weg verlei het van die—van die ware dinge van God.

76 En God kan net werk soos ons Hom laat werk. En daar's soveel wonderlike dinge, dat ek sê . . .

77 Julle weet, mense wil krag hê, en hulle weet regtig nie wat krag is nie. Sien, hulle—hulle weet regtig nie wat—wat—wat daarmee saamgaan nie. Die—die pad boontoe is ondertoe, altyd. As jy krag wil hê, kyk hoe nederig jy kan word. Kom net weg van al jou wêreldse denke, en verootmoedig jouself voor God, en dan het jy meer krag as die man wat regoor die gebou hardloop en 'n klomp geraas maak; sien, want jy was in staat om jouself te oorwin, en jouself aan Christus toe te vertrou, jy sien, om jouself te verootmoedig voor Hom. Dis regtig krag.

78 Wys jy my 'n kerk wat nederig is, regtig nederig, nie 'n—'n arrogansie nie; 'n kerk, net so 'n sagte, nederige kerk, ek sal jou 'n kerk wys wat die guns en krag van God daarin het. Dis reg. Dis die ding wat dit neem, verootmoediging, onsself voor God te

verootmoedig, God net deur ons te laat werk. Hoef nie 'n klomp geraas te maak nie.

79 Partymaal, soos die boer gesê het, hy het uitgegaan na die veld met sy wa, en elke keer wat hy 'n bult getref het, het dit net geskud en aangegaan. Maar toe hy teruggekom het, het hy dieselfde bult getref, en glad geen geraas gemaak nie, omdat dit gelaai was met goeie goed.

80 So ek dink dis net omtrent reg, sien, dat ons gevul word met die goeie dinge van God, dat die vrugte van die Gees deur ons bekend mag word. En soos hy soveel verwys het na I Korinthiërs 13 daar, en hoe, dat: "Hoewel ek my liggaam gee om verbrand te word, en al hierdie dinge het, en nie die liefde het nie; dis niks, help my niks." Sien, ons wil dit doen.

81 Bo alle dinge, is dit ons indiwiduele siele waarvoor ons verantwoordelik is voor God. Sien, dit—dis *jy* wat Hemel toe gaan. Dit is nie of *ek* gaan, of *hy* gaan nie. Dis *jy* wat gaan, sien, en jy eerste. En jy moet oplet hierna en sag voor die Here kom.

82 En ek het altyd uitgevind dat die man wat homself verootmoedig is die man wat God verhoog. Wanneer jy 'n persoon neem met sy bors uit en alles weet, en jy kan hom niks vertel nie, en hy's arrogant, en—en, wel, dit—dis die persoon wat nooit êrens kom nie. Maar jy neem daardie persoon wat homself verootmoedig en sagkens wandel.

83 Ek het nou die dag met 'n man gepraat, wat net 'n kerk organiseer bo by die . . . onttrek uit 'n organisasie wat daar was. En, wel, dis Broer Boze, en daardie kerk waar hulle gehad het, hulle daardie groot kerk daar gehad het vir so lank, en die Here geseën het. Toe het die mense gekom by 'n plek waar hulle wou blinkvryf soos die res van hulle, en wou dit in 'n organisasie ingooi. En toe hulle het, het dit net . . . daardie nederige Christene daarbinne wou dit nie hê nie. Hulle hele lewe, is hulle geleer daarteen, so hulle het weggeloop daarvan. Nou het hulle 'n groep, en die Here het hulle geseën totdat hulle kom by, nou weer in 'n groot plek in, vir 'n kerk nou wat omtrent vier of vyfduisend mense huisves, en hulle begin oor.

84 En hulle het na my toe gekom, en gesê: "Broer Branham," net daar in die kantoor gesit, die kerkkantoor, nou die dag. En hy het gesê, een van die leiers, Broer Carlson en hulle, gesê: "Wat moet ons doen?"

85 Ek het gesê: "Kry 'n man om die herder te wees wat geen reputasie in alle denominasie het nie, wat net 'n ware goeie, egte, sagte, nederige broer is wat die lewe lei. God sal vir die res daarvan sorg, sien." Ek het gesê: "'n Goeie pastoor wat net die skape sal voed, en nederig en dinge sal wees, God sal die res doen. As julle sal . . . Nie een of ander groot beterweters wat inkom, *hierdie* in orde gaan plaas, en dit moet *so* wees, en dinge

opbreek nie." Ek het gesê: "Dit sal nooit werk nie. Julle het pas daarby gekom."

86 Dis reg, elke deeltjie in die kerk, moet saamwerk, en jy moet jou deel daarvan onderhou. So ons sien in watter tyd ons lewe. Ons mag nader wees as wat ons dink ons is.

87 Nou, ons waardeer Broer Vayle. Nie waar nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Die Here seën jou, Broer Vayle. Dankie. En ons dank die Here vir die bring van hierdie groot boodskap vanaand aan ons.

88 Ek het 'n nota gekry, 'n paar minute gelede. Een van die susters het iets gehad wat sy wou vertel, in 'n droom. As jy dit net sal uitskryf vir my, suster, ek—ek's . . . Hy het haar 'n paar drome gegee wat absoluut waar was. Ons aanvaar nie alle drome nie. Nee, nee. Maar wanneer hulle van God is, wil ons weet dat dit God is wat met ons praat.

89 Soos alles wat in tale praat, ons glo dit nie; maar wanneer daar 'n uitleg kom wat ons van iets vertel wat gaan gebeur, ons dit sien gebeur, dan dank ons die Here daarvoor. Sien?

90 Ons wil dit vlot laat verloop, sagkens, en in orde van die Here. So onthou net, dat jou deel die dryfveer mag wees, of dit mag die klein, een of ander klein handjie wees, of een of ander klein deeltjie, of die opwen-armpie, wat ook al dit mag wees, of dit mag die hande op die wyserplaat van die horlosie wees, wat die tyd aandui. Maar wat dit ook al is, dit neem ons almal wat saamwerk in harmonie met die Evangelie van Jesus Chrstus, om dit te laat gebeur.

91 Dink net! As gawes so groot is, wat ons krag noem; en Paulus het gesê: "Al het ek geloof wat 'n berg kan versit, en nie die liefde het nie, dan is ek niks." Dink daaraan.

92 En al sê ons: "Wel, al verstaan ek—ek . . . Ek wens ek het die Bybel geken."

93 "Al verstaan ek al die verborgenhede van God, sien, en al kon ek dit steeds doen en nie die liefde hê nie, is ek niks. Sien, ek het nog nêrens gekom nie." Sien, die hoofsaak is, hê God lief, en verootmoedig jouself daarmee.

94 Nou, sekerlik, na al hierdie jare op die veld, en om die wêreld, en deur verskillende mense te sien, behoort ek 'n klein bietjie te weet van die poort om by in te gaan. En as jy iewers wil kom met God, moet nooit 'n arrogante gees jou ooit laat omring nie. Moenie enige kwaadwilligheid laat inkom nie. Maak nie saak wat enigiemand doen nie, as hulle verkeerd is, moet jy nooit 'n kompleks opbou teen daardie persoon nie. Sien? Wees jy sag en goedhartig. Onthou, God het jou liefgehad toe jy in sonde was. En as die Gees van God in jou is, sal jy die ander persoon liefhê wanneer hy verkeerd is. Sien, bid net vir hulle, en hê mekaar lief.

95 Bo alles, hê God lief en hê mekaar lief. En wees nederig met God en met mekaar, en God sal ons seën, en dis moeilik om te sê wat Hy sal doen. Gewoonlik wanneer 'n kerk in getalle begin toeneem en 'n bietjie groter begin word, of iets soos daardie, dan kom hulle weg van die ware ding, die ware ding.

96 Weet julle wat hierdie dinge laat gebeur, toe ek die eerste keer begin het en die Here aan my verskyn het onder op die rivier, en my dit gesê het? En Broer Vayle het dit gesien, glo ek, in 'n koerant in Kanada, baie jare gelede, waar die Engel van die Here verskyn het op die rivier daaronder, dit was op die Verenigde Pers: "Geheimsinnige Lig oor plaaslike prediker, terwyl hy doop." En—en julle weet wat dit gedoen het? Toe ons die tentdiens net oorkant die straat gehad het, 'n tent wat omtrent, o, vyf-en-twintig honderd mense geneem het, predikers het van oraloor gekom, en gesê: "Broer, kom 'n oomblik hier." Ek was net 'n seun, soos, o, net 'n kind. En hulle het gesê: "Hoe hou jy daardie mense eendragtig? Hulle het mekaar lief totdat . . . Ek het nie mense mekaar sien liefhê nie."

97 Dis die Here. Dis waarop hierdie kerk gegrond was, daardie goddelike, broederlike liefde vir mekaar. Ek het hulle selfs sien hande skud met mekaar, vertrek vanaf 'n plek, en huil soos babatjies, om mekaar te verlaat. Hulle het mekaar so liefgehad. En ek kon na hulle huis gaan om besoek af te lê, en tye wat die Bybel oopgelê het en gevlek met trane. Ingekom, in die aand, waar vaders en moeders saam vergader was, en hulle klein kindertjies rondom op die vloer, rondom gekniel; en vaders en moeders op hulle knieë, wat huil en bid. Ek sou staan by die deur en wag en wag en wag. En hulle het nie opgehou bid nie, ek sou net gaan sit op die trappe en self begin bid, aan die wag vir hulle, sien. En dit—dit was. En hulle het mekaar liefgehad. Hulle het mekaar liefgehad. Ons het altyd gestaan en daardie ou lied gesing:

> Geseënd is die band wat bind
> Ons harte in Christenliefde;
> Die gemeenskap van geesgenote
> Is soos dié van Bo.
>
> Wanneer ons uitmekaar gaan,
> Gee dit ons pyn van binne;
> Maar ons sal steeds van harte verbind wees,
> En hoop om weer te ontmoet.

98 Ek sê dit met groot vreugde in my hart, teenoor Christus. Baie van hulle slaap rondom in hierdie grafte wat vanaand gemerk is, wat wag vir die groot opstanding wanneer ons weer saam sal ontmoet.

99 Laat daardie gees nooit weggaan van hierdie plek nie! As dit ooit gaan, dan gee ek nie om hoe welsprekend julle pastoor mag wees, hoe goed hy die Woord van God mag bring nie, die Gees van

God is weggegrief. Sien? Wanneer ons alle dinge in gemeenskap kan hê, in gemeen, en mekaar liefhet, dan sal God met ons werk.

100 En ons hou tyd, dat die mense sal verbykom en sê: "As julle 'n kerk wil sien wat regtig nederig is, 'n kerk wat regtig God liefhet, gaan daar in by daardie tabernakel eenkeer en hou dit dop. Kyk hoe hulle vir mekaar omgee, die respek; wanneer die Evangelie gepreek word, hoe eerbiedig, hoe alles net in orde is." Ja, dan kan hulle kyk en sien in watter tyd ons lewe. Julle sal die Gees van God onder julle sien beweeg, groot tekens en wonders en dinge sal plaasvind. As die ding saamwerk, dui dit die tyd. Maar as dit nie werk nie, dan word die tyd gestop, dit sal nie meer die tyd aandui nie. So as ons wil weet in watter tyd ons lewe, laat almal net begin saamwerk in die Evangelie, mekaar liefhê, God liefhê, en die hande self sal die tyd aandui waarin ons lewe. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik. Amen. Die Here seën julle, baie ryklik.

101 Moet nou nie vergeet nie, gaan rond hierdie week. En as julle enige goeie, siek mense ken wat inkom, vertel hulle, wanneer hulle kom, sê: "Skat, ek wil jou vra. Ons gaan gebed hê vir die siekes, Sondagoggend, oorkant by die tabernakel. En jy was siek vir 'n tyd, nou wil ek . . . "

"Wel, ek wil gaan. Ek wou altyd gaan."

102 "Nou, ek het pas 'n boodskap Sondagaand gehoor, van 'n broer daar, van hoe ons ons foute aan mekaar moet bely, en vir mekaar moet bid, dat ons genees mag word. Jakobus 5:14, 13, 14, 15, sien, dat ons ons foute moet bely aan mekaar, voordat ons eens kom vir genesing. Ja. Bely ons foute aan mekaar, en bid vir mekaar." Sien? Sien, dis presies waarvan hy gepraat het vanaand, bring die saligsprekinge terug saam met Markus 16. Voeg dit saam, jy dit het, dan vind genesings plaas.

103 Kyk na Jesus, niks behalwe een bondel liefde nie. Sien? Hy was God gemanifesteer. Hy, God, het Homself deur Hom uitgedruk, geen wonder wonderwerke en dinge het gebeur nie. Sy nederige lewe, en toegewyde lewe; om te kom vanaf om God te wees, om 'n mens te wees hier op aarde, om God deur Homself uit te druk. Dis wat Hom gemaak het wat Hy was. Ek het altyd gesê: "Wat Jesus God gemaak het, vir my, was die manier wat Hy Homself verootmoedig het. Hy was so groot, en kon tog so klein wees." Sien? Dis reg.

104 Die Here seën julle baie ryklik. Nou laat ons opstaan, en vir die verdaging. Laat ons dit net probeer, (jy mag dit nie ken nie, suster), daardie: *Geseënd Is Die Band Wat Bind*. Laat ons dit eenkeer sing, sal julle? Gee ons die akkoord.

> Geseënd is die band wat bind
> Ons harte in Christenliefde;
> Die gemeenskap van geesgenote
> Is soos dié van Bo.

105 Nou terwyl ons hierdie laaste vers sing, laat ons mekaar se hande neem: "*wanneer ons uitmekaar gaan*," en sê net: "God seën jou, broer, suster. Ek's so bly om hier te wees saam met jou vanaand." Sien, iets soos daardie, draai dan weer om. Nou laat ons dit sing.

> Wanneer ons uitmekaar . . .

God seën jou, Broer Neville!

> Gee dit ons pyn van binne;
> Maar ons sal steeds van harte verbind wees,
> En hoop om weer te ontmoet.

106 Hoe ons die Here Jesus liefhet! Het ons nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hoe . . .

> Weer ontmoet!
> Weer ontmoet aan Jesus' voet; (weer ontmoet!)
> Weer ontmoet! weer ontmoet!
> God sy met jou tot ons weer ontmoet!

Laat ons ons oë sluit, en daardie nou net in die Gees sing.

> Weer ontmoet! weer ontmoet!
> Weer ontmoet aan Jesus' voet;
> Weer ontmoet! weer ontmoet!
> God sy met jou tot ons weer ontmoet!

107 Nou soos ons hoofde gebuig. Ons is net kinders, God se kinders. Laat ons dit neurie. [Broer Branham en gemeente begin neurie: *God Sy Met Jou*—Red.] O, hoe dit die Gees van God na ons bring! Kan julle julle die vroeë dae voorstel toe hulle op rotsplate gesit het?

> God sy met jou tot ons weer ontmoet!

108 Met ons hoofde gebuig, gaan ek vir Broer Allen daaragter vra, 'n nuwe broer onder ons, of hy ons sal verdaag in 'n woord van gebed. Broer Allen.

*VEROOTMOEDIG JOUSELF* AFR63-0714E
(Humble Thyself)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 14 Julie 1963, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org